



SAMESPREKINGS TUSSEN PARTYE KON NIE VLOT

Toe Die O.B. ter perse gegaan het, was besonderhede omtrent die onderhandelings tussen die H.N.P. en A.P. nog nie bekend nie. Wel is bekend gemaak dat 'n ooreenkoms bereik is wat nog deur die onderskeie Provinsiale Besture goedgekeur moet word.

Hoewel lede van die onderskeie kommissies nie bereid was om hulle uit te laat nie, wil dit tog voorkom of alles nie te glad verloop het nie. Na verneem word was die grootste struikelblokke die kwessie van O.B.-skap van kandidate en die aantal veilige setels wat die H.N.P. bereid is om aan die A.P. te gun.

Dit wil voorkom of die H.N.P.-leiding vasgestaan het by die uitlatings van dr. Malan op sy Kaaplandse kongres en adv. Swart in Bloemfontein, nl. dat kandidate wat O.B.-gesind is nie deur die H.N.P. gesteun sal word nie, maar dat mnr. Havenga op hierdie punt vasgeskop het, daar hy nie te vinde is om teen lede van sy party te diskrimineer op grond van hul O.B.-lidmaatskap nie.

Die beraadslagings is hoofsaaklik tussen dr. Malan en mnr. Havenga gevoer volgens advies van hul onderskeie kommissies, wat kort-kort deur die leiers geraadpleeg is.

Eis Hoër Lone

Na oorweging van die regering se beroep om lone bestendig te hou, het verteenwoordigers van drie miljoen skeepsbou- en ingenieurswerkers 'n loonsverhoging van 14s. per week geëis. Die werkers behoort aan 37 sleutelvakbonde, en hul eis word beskou as 'n uitdaging aan die regering.

MARSHALL-HULP VIR EMPIRE-BOU?

Reeds 7,000 Immigrante

In die nege maande wat die regering se immigrasieskema bestaan, is daar reeds 7,000 Britse immigrante onder die skema in die Unie afgelaai, na maj. genl. I. P. de Villiers, voorsitter van die immigrasie-skema, in Oos-Londen verklaar het.

Binnkort sal nog 'n skip gevoeg word by die twee lynbote wat vir immigrasie gebruik word. Meeste Britte kom natuurlik op eie houtjie.

Brittanje voer planne in die mou om die geld wat hy onder die Marshall-plan ontvang, aan te wend vir 'n program van Ryksopbou in Afrika, volgens sen. George Malone, 'n Republikein, in Amerika verklaar het. Hy het aangevoer dat sir Stafford Cripps, Britse minister van finansies, aar hom persoonlik verklaar het dat „ons Amerikaanse hulp vir die heropbou van Suid- en Midde-Afrika sal gebruik. Dit sal aan myne, spoorweë en aan die ontginning van bronne bestee word.”

Genl. George Marshall, vader van die Amerikaans hulpplan, het geweier om hom uit te laat oor hierdie verklaring.

,SLEGTE IMMIGRANTE UIT BRITTANJE HET GEEN WEERGA IN S.A.'

Dat Suid-Afrika die aflaaiplek geword het van die uitvaagsel van Europa en Brittanje vanwaar hulle padgeeten einde hul wandade hier te kom voortsit en ons openbare lewe besoedel, blyk uit inligting wat uit alle oorde instroom. Hoewel hierdie mensese oënskynlik nie werk nie, voer hulle 'n weelderige bestaan en vind hulle met alles fout in Suid-Afrika.

Skaars het die Cypriote en ander ongewenste immigrante hulle voete verlede week aan wal gesit in Durban, of hulle was dadelik in botsing met die wet. Dit het geblyk dat hulle in besit was van groot bedrae onwettige Britse geld waarmee hulle in die Unie wou kom woeker. Groot bedrae — in plaas

van £5 Britse geld wat uit Brittanje geneem mag word -- is deur die immigrasie-owerheid by hulle gevind. Duisende ponde van hierdie onwettige swartmarkgeld is egter reeds in die Unie ingesmokkel.

'n Brit wat saam met die Cypriote na die Unie gekom het, het aan die immigrasie-owerheid verklaar dat toe die Cypriote verneem dat hulle nie toegelaat sal word om met die geld in Durban te land nie, hulle groot bedrae per pos vanaf Oos-Afrika na familiebetrekkings in die Unie gestuur het.

ONSEDELIKHEID

Baie van die onwettige immigrante wat die Unie binnekom, is ook verantwoordelik vir die

toenemende gevalle waar vroue met die oog op kommersiële onsedelikheid (white slave traffic) aangehou word, volgens dr. Louis Freed, voorsitter van die Johannesburgse tak vir Maatskaplike Dienste. Dit neem reeds gevaarlike afmetings aan, het hy verklaar. Hy het aan die hand gedoen dat 'n vrouepoli-

Immigrasie Omdat S.A. Nodig is vir Engeland

Die werklike rede vir Britse immigrasie na Suid-Afrika is verlede week deur genl. maj. I. P. de Villiers, voorsitter van die immigrasieraad, in Oos-Londen gegee. Hy het gesê dat die Britse Ryk 'n vaste basis in suidelike Afrika moet hê en dat dit daarom lewensbelangrik is dat Suid-Afrika 'n groter „gekeurde” bevolking moet hê (klaarblyklik gekeurde ten opsigte van lojaliteit teenoor Brittanje, want ook Nederlandse immigrante word gekeur op grond van hul gesindheid teenoor Brittanje).

Genl. de Villiers het verder verklaar dat die Unie die enigste dominium is wat die medewerking van die Britse regering verkry het ten opsigte van immigrasie.

siemag ingestel word sodat advertensies en plekke waar vroue en kinders werk, ondersoek en gekontroleer kan word.

LEEGLEERS

In Durban — die stad waarvan meeste Britse immigrante voorkeur gee vanweë die baie plesier — is daar tans 'n groep immigrante wat selfs deur die Engelse pers as ongewens beskou word.

Elke Saterdag vergader hierdie groep — wat volgens die Sunday Times almal Britse immigrante is — in 'n sekere hotel waar hulle Suid-Afrika kritiseer.


„Nie een van hierdie prutelaars is vakmanne nie en baie min van hulle is verteenwoordigend van die soldate wat gedurende die oorlog by Durban aangedoen het,” verklaar die blad.

„Hulle is 'n tipe wat in Brittanje net so onwelkom is as in die Unie en as 'n klas het hulle geen gelyke in Suid-Afrika nie.

„Hulle is mislukkings wat na die Unie gelok is deur die vooruitsigte van meer voedsel en sonskyn, en hulle het verwag dat 'n orkes hulle by die dokke moes welkom heet.”

(Na genl. Smuts se uitlating dat „die goeies en die slegtes” welkom is, en die groot bedrae wat vir propaganda bestee word, was hul verwagtings miskien nie so heel buitensporig nie.)

Op 27 Februarie vier die Ossewabrandwag dwarsdeur die land Vryheidsdag ter herdenking aan die oorwinning van Amajuba in 1881. Die sentrale fees sal aan die voet van Amajuba wees waar die K.G. dr. Hans van Rensburg as hoofspreker sal optree. Ons foto toon die reuse-skare wat die eerste Amajubaviering in 1941 bygewoon het. Heel bo is 'n gedeelte van die perdekommando met die laer op die agtergrond te sien. Sedert die aankoop van die berg deur die Ossewabrandwag is groot verbeterings daar aangebring, o.a. is die terrein ook ingerig as 'n vakansieoord. Ons onderste foto toon 'n paar van die vakansiehuise met die feeshuis in die agtergrond. Dit bestaan uit twee vertrekke en word teen 'n redelike prys aan vakansiegangers verhuur. Regs is die groot woonhuis, gebou in die vorm van 'n wawiel



42 Nuwe Eenhede Woel Weer In Vrystaat

Die Ossewabrandwag in die Vrystaat het weer moed geskep. Hfkomdt. Vale Ferreira wat tans besig is om die organisasie in daardie gebied in die haak te bring, het reeds 42 eenhede in die lewe gebring op plekke waar die O.B. heeltemal dood was of besig was om te kwyn, na uit Kroonstad berig word.

Al die eenhede wat komdt. Ferreira besoek het, is hard besig om te organiseer, lede in te skryf en geld in te samel. Dit kom voor asof daar weer groot geesdrif vir die saak van die Ossewabrandwag onder Afrikaners in die Vrystaat gaande gemaak is. Nuwe intekenare op die O.B. uit hierdie dele bereik die kantoor van die O.B. feitlik daagliks.

Komdt. Ferreira verklaar dat daar by sommige mense 'n verbasende onkunde oor die O.B. geheers het. Baie het al begin glo dat die O.B. nie meer bestaan nie. Hierdie nuwe eenhede moet binne 30 dae rapporteer wat hulle uitgerig het.

OUD GENERAALSKAP

Met die doel om die res van die Vrystaat ook weer te organiseer begin hfkomdt. Ferreira op 23 Februarie saam met genl. P. W. Badenhorst in Generaalskap C8. Dit sluit die distrikte Harrismith, Frankfort, Vrede, Warden, Memel, Cornelia en Villiers in.

Komdt. Ferreira meen dat as hy teen 23 Februarie uit C7 vertrek hy ongeveer 60 tot 70 nuwe eenhede op die been sal hê.



Hfkomdt. Ferreira

Afrikaanse Spyskaart Laat Brit Diep Dink

Dat Britse immigrante by hul aanraking met Afrikaans begin praat van 'n minderwaardigheidskompleks aan Britse kant, sal seker gelees moet word in verband met die verval van Brittanje.

In 'n brief aan 'n plaaslike Engelse koerant kom 'n Britse immigrant — na afgelei kan word — in opstand teen die eeuoue Engelse gebruik om hul kos met Franse name te verbeter. Sy oë het blykbaar oopgegaan toe hy ontdek dat Franse name op die spyskaart wel vertaal kan word in Afrikaans!

„Waarom moet ons Britse mense nog steeds ons spyskaarte in Frans ontvang? Is dit nie 'n minderwaardigheidskompleks aan ons kant nie?” wil hy weet. „Wat op aarde het Frans te doen met Britse van Afrikaanse kos? Onlangs het ek in 'n spoorweg-restaurant geëet. Ek dui toe 'n item op die spyskaart aan wat op die een kant in Frans en op die ander kant in Afrikaans was. Die kelner sê toe dat ek net klaar is daarmee — tot my ongemak en die vermaak van ander.

„Toe ek hom vra waarom dit nie in Engels geskryf is nie, sê hy dat daar geen Engelse naam voor is nie, maar hy het geen moeilikheid gehad om 'n Afrikaanse naam te vind nie.”

Hy sluit af met die volgende protes: „Ek is gewillig om tweetalig te word, maar moet ons ook drietalig wees?”

Britte Kleef Vas Aan Ou Masjiene

„Brittanje se agteruitgang op nywerheidsgebied is te wyte aan sy tegnologiese agterstand en opgeblase direkteure,” luidens 'n verslag van die Machinery and Allied Products Institute, die instituut wat die Verenigde State se grootste nywerhede verteenwoordig. Volgens die Instituut produseer die gemiddelde nywerheidswerker in die Verenigde State drie keer soveel as sy Britse kollega.

Brittanje se grootste nywerhede werk met ouderwetse toerusting en gebruik verouderde metodes. In baie afdelings van die Britse nywerheid is die masjinerie voor die Eerste Wêreldoorlog aangebring.

In die verslag word beweer dat die bestuur en werkers van Britse nywerhede behep is met 'n liefde vir veiligheid en stabiliteit wat aan die een kant weerspieël word deur hul onwilligheid om mee te ding, en aan die ander kant deur gemaksug en weersin in meganisme.

„Die gewone Britse direkteur is 'n groot struikelblok in die weg van vooruitstrewende en versierende bestuur, en oefen 'n demperende invloed op vooruitstrewende tegnologie uit. Die les wat ons leer is dat ons teen alle koste die gees en toepassing van mededingende onderneming moet behou. As ons faal sal ons

BRITSE LEWENSPEIL WORD OMLAAG GEDWING

Die afwaartse neiging van die Britse lewenstandaard het verlede week tot 'n nuwe trap gedaal toe die minister van finansies, sir Stafford Cripps, maatreëls in die vooruitsig gestel het om te voorkom dat arbeidslone verder styg. Die voorstel word egter hand en tand beveg deur die vakbonde van wie se steun die regering afhanklik is om in die kussings te bly.

Cripps het verduidelik dat die regering gedwing word om 'n verlaging van die lewenstandaard van die werkers te bewerkstellig ten einde die gaping tussen uit- en invoer nouer te maak. Sedert 1938 tot 1946 het die ongunstige handelsbalans van Brittanje met bokkespronge vermeerder van £70,000,000 tot £380,000,000. Verlede jaar was die kloof reeds £675,000,000 en dit ten spyte daarvan dat Brittanje groot oorsese besittings verkoop het.

Om die toestand enigszins die hoof te bied sal die Britse uitvoer vergemaklik moet word deur goedkoper produksie, want hy moet in die buiteland kan meeding met ander lande. Die belangrikste stap in hierdie rigting sal wees om die arbeidslone in bande te lê, wat

Britse Kabinet Oorweeg Reuse Dobbelplan

Dobbel sal besmoontlik eeh van die dae deur die Britse regering tot een van die grootste beroepe in Brittanje uitgeroep word.

Met die doel om Brittanje van sy bankrotskap te red, sal die Britse kabinet binnekort besluit of hy 'n internasionale staatslotery ter waarde van £2,000,000,000 in die lewe sal roep. Die Britse regering meen dat hy op hierdie manier jaarliks £950,000,000 wins sal maak waarmee Brittanje aan die lewe gehou kan word.

noodwendig 'n laer lewenstandaard teweeg sal bring.

TEENSTAND

Leiers van sestien vakbonde het in 'n onderhoud met lede van die regering ten sterkste beswaar gemaak teen die maatregel en verklaar dat hulle dit

Amerika Word Mark Vir Druive

Amerika word in toenemende mate 'n belangrike mark vir ons druive. Met die vermeerderde produksie plaaslik is dit moontlik dat die Britse mark oorvoer sal word en Amerika sal dan feitlik die enigste land wees waarheen Suid-Afrika sy druive sal kan stuur, het mnr. V. van Willigan, bestuurder van die Sagtevrugteraad, op 'n perskonferensie verklaar.

Suid-Afrika sal vanjaar 2,500,000 kisties druive na Brittanje uitvoer. Dit is 4,000 kisties meer as in 1938-39. Daarby sal Suid-Afrika ook druive uitvoer na die Skandinawiese lande en gebiede in Afrika.

hand en tand sal beveg. Daarbenewens het twintig parlementslede in die laerhuis beswaar teen die voorstel gemaak.

Dit skyn dus, of die Britse arbeiders nog geen begrip wil toon vir nood van hul land nie en maar wil voortgaan op die ou trant van minimum produksie teen maksimum besoldiging.

MINDER WINS

Behalwe die werkers het Cripps ook 'n beroep op die nywerheid gedoen om pryse te verlaag — blykbaar met groter vrug. Hy het hulle 'n maand tyd gegee om te besluit of hulle dit gaan doen, en die nywerheidsfederasie het reeds sy medewerking belowe.

Terselfdertyd gaan die regering nywerheidsontwikkelingsrade in die lewe roep om die nywerhede doeltreffender te maak. Een van die groot produksie-moeilikhede in Brittanje is die vasklewing aan verouderde metodes. Britse konserwatisme het met trane hand veranderings aangebring sover dit beter gereedskap en metodes betref, met die gevolg dat baie fabriekke vandag nog masjinerie en metodes gebruik wat 'n eeu agter hul tyd is.

UITBREIDING VAN BEMARKINGSRADE

„Binne afsienbare tyd sal daar moontlik ook bemarkingsrade vir eiers, aartappels, grondboontjies en miskien ook pynappels wees”, het die Minister van Landbou, mnr. J. G. N. Strauss, op 'n vergadering van die Afrikaanse Sakekamer in Kaapstad verklaar. Hy het ook die mening uitgespreek dat die pryspeil omlaag gedwing moet word.

Die Minister het verklaar dat hy glo dat die bemarkingsrade in staat sal wees om die pryse van landbouprodukte gedurende depressie so te reël dat die boer sy produk goedkoop maar nog teen 'n wins sal kan verkoop. Die rade sal in tyd van depressie die pryse bestendig moet hou.

Wanneer die pryse van produkte vasgestel word, sal dit belange wat probeer om buitensporige pryse te vra, nie daarby baat nie aangesien die bemarkingsrade wag sal hou oor die prys van die produkte.

Mnr. Strauss het toegegee dat daar tydens die oorlog toe alles nie normaal was nie, aansienlike verliese was weens bederf van produkte. Die rade streef egter, met alle faktore in aanmerking geneem, om aan die boere 'n behoorlike prys te verseker omdat 'n pryskommeling op die opemark vir die boere in die algemeen baie gevaarliker is as vir die handelaar.

Prysdaling In V.S.A.

Pres. Truman het gelas dat Amerikaanse ekonome ondersoek moet instel na die onlangse daling van pryse op die mark. Hulle sal die betekenis daarvan vir die V.S.A. bepaal.

Ekonome het verklaar dat die pryse van voedsel in die kleinhandel reeds baie meer gedaal het as dié van voedselpryse in die groothandel. Sommige pryse het die naweek egter weer begin styg.

Die huidige toestand in Amerika word beskryf as 'n „fyn ewewig tussen inflasie en deflasie.” 'n Groot depressie soos in 1929 word nie verwag nie, aangesien die wêreldomstandighede baie verskillend is — daar is b.v. nog groot tekorte en volop werk.

BRUIN SWITSERSE BEESTE TEN VOLLE GEREĞISTREERD.

Die WINTERBERG-STOET van Geregisteerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:

G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.

Prys Moet Daal, Sê Mushet

'n Beroep op handelaars en fabrikante om die pryse van goedere omlaag te dwing, is deur mnr. J. W. Mushet, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, in Kaapstad gedoen. Hy het dit as „die uitstaande vraagstuk van vandag” beskryf. Prysvermindering moet 'n vrye beweging van die kant van fabrikante wees en die staat kan dit nie afdwing nie. Dit is in belang van Suid-Afrika en die res van die wêreld dat dit in elk geval gedoen word, het hy gesê.

WAARDE EN BETEKENIS VAN ARBEIDSDIENS LANDSDIENS

(DEUR PROF. DR. G. CRONJÉ)

Allerweë word vandag besef dat die oplossing van die probleme van mense en volke o.a. langs die weg van die aankweking van die regte lewensgesindheid bevorder moet word. En verder word besef dat die arbeidsgesindheid 'n belangrike onderdeel of aspek van die lewensgesindheid uitmaak omdat die arbeidsbeoefening in die lewe van mense en volke so 'n groot betekenis het.

Natuurlik word die grondslag van die mens in sy eie huisgesin gelê. So behoort dit altans te wees. Mettertyd is die huisgesin met betrekking tot die behartiging van hierdie taak deur ander opvoedingsinstellings aangevul geword. So het b.v. die skool as opvoedingsinstelling ontstaan en ontwikkel. In die jongste tyd is in verskillende lande aan die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling groot waarde geheg. In die buiteland is veral in Duitsland die arbeidsdiens vir seuns en vir dogters tot 'n belangrike opvoedingsinstelling ontwikkel. (Die arbeidsdiens het in Duitsland reeds voor Hitler se bewindsaansvaarding posgevat).

BY'ONS

In Suid-Afrika is die arbeidsdiens besig om te ontwikkel onder die benaming „landsdiens“. „Arbeidsdiens“ kan gebruik word as benaming vir dié bepaalde opvoedingsinstelling in die algemeen en kan onderverdeel word in „landsdiens“ of „bodemiens“ vir die seuns en „gesindiens“ vir die dogters. Laat ons allereers let op die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling vir die seuns.

Deur die beoefening van swaar en eenvoudige hande-arbeid wat almal sonder onderskeid moet verrig, moet die jeug leer dat alle arbeid, hoe nederig en eenvoudig dit ook al mag wees, waarde het en waardering verdien wanneer dit in die diens van die instandhouding en ontwikkeling van die volksgemeenskap verrig word. Veral in Suid-Afrika moet dit op die voorgrond gestel word dat die hande-arbeid nie minderwaardig en beslis geen skande is nie maar juis die fundamentele volksarbeid is en tot die eer strek van diegene wat hulle volk met eerlike, toegewyde en deeglike hande-arbeid dien. Word daarin geslaag om hierdie opvatting by die jeug van die volk tuis te bring, dan sal dit veel daartoe bydra om dit in die volksgemeenskap as geheel gevestig te kry.

VIR DIE VOLK

In die arbeidsdiens moet die aandag van die jeug gedurig gevestig word op die waarde wat die arbeid wat hulle verrig, vir die volksgemeenskap as sodanig het. Hulle moet ook gewys word op die prestasies wat reeds deur die arbeidsdiens gelewer is en op die taak wat nog voorlê. Hulle moet gehelp word om hulle eie arbeid (wat hulle in die arbeidsdiens verrig) as 'n onderdeel van die groot geheel (die omvattende volksarbeid) te sien. Op daardie wyse moet hulle gehelp word om te besef en te belewe dat hulle kragtens hulle arbeid binne daardie geheel betekenis het. Dit sal nie alleen hulle selfwaardering gevoel verhoog nie maar ook hulle gevoel van verbondenheid met die volksgemeenskap versterk.

VREUGDE

Die herlewing van die verbondenheid met die eie volk

wees. Dit is beslis 'n wanbegrip dat afgeleefde werktuie goed genoeg vir die arbeidsdiens is.

LEIDRADE

By die bepaling van die werkmootlikhede vir die Arbeidsdiens moet die volgende in ag geneem word:

(i) Alleen daardie werkprogramme wat geheel of grotendeels deur eenvoudige hande-arbeid uitgevoer kan word, moet vir die arbeidsdiens in aanmerking kom.

(ii) Die arbeid wat in en deur die arbeidsdiens verrig word, moet by voorkeur vir die volksgemeenskap as geheel regstreekse en praktiese (ekonomiese) maar ook wel kulturele waarde hê.

(iii) Die arbeidsdiens moet egter nie die werkgeleenthede van die gewone beroepsarbeid inkort nie, m.a.w. dit moet nie op die gewone werkgeleenthede beslag lê nie.

(iv) Die arbeid wat in en deur die arbeidsdiens verrig word, moet buitengewone ar-

moet egter 'n vreugdebeleving wees. Daarom moet daarna gestrewe word dat die arbeidsdiens deur arbeidsvreugde gekenmerk sal wees. Met die oog daarop moet die arbeid wat verrig word, geen ondraaglike las wees nie. Die arbeidskrag van die jeug mag geensins ooreis word nie. Die arbeidsverrigting moet so gereël word dat hulle gedurig behae daarin sal skep.

In verband met die versekering van die arbeidsvreugde is

Totius Gehuldig



Prof. dr. J. D. du Toit (Totius) herdenk Saterdag sy 71ste verjaardag. Hy is verlede Vrydagaand in Johannesburg gehuldig toe die R.D.B. 'n groot funksie ter ere van hom gehou het. By die geleentheid het die digter 'n ernstige oproep aan die volk gerig om alle blanke kragte te verenig, en meer in besonder om terug te keer tot die godsdiens van ons vaders wat hulle so by uitstek van ander volke onderskei het.

Prof. du Toit is nog steeds in die tuig aan die Teologiese Skool te Potchefstroom.

dit belangrik dat veral daardie werksaamhede verrig sal word waarby die gesamentlike en gelyktydige kraginspanning van 'n groep nie alleen moontlik is nie maar ook noodsaaklik. In die gesamentlike en gelyktydige arbeidsverrigting word dié arbeidsgemeenskaplikheid en die onderlinge sosiale verbondenheid belewe en dit werk die verhoging van die arbeidsvreugde in die hand.

VOORLICHTING

Met die oog op die versekering van die arbeidsvreugde moet dit verder in ag geneem word dat arbeidsvoorbereiding die eerste stadium van die arbeidsdiens moet wees. Die jeug moet voorgelig word in verband met die hantering van die werktuie (veral die pik en die graaf) wat hulle sal gebruik. Hulle moet die juiste werkbewegings geleer word, d.w.s. daardie werkbewegings waardeur met die minste kraginspanning die meeste uitgerig sal word. Die jeug moet dus geleer word om die eie werkkrag so ekonomies moontlik aan te wend. Dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die bewerkstelling van vreugde in die arbeid. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat die arbeidsprestasie nie ten koste van die arbeidsvreugde en die goeie gees verhoog moet word nie. En juis daarom moet ook daarop gelet word dat die gehalte van die werktuie wat gebruik word, baie belangrik is met die oog op die versekering van die arbeidsvreugde. Die werktuie moet inderdaad so goed en so doeltreffend moontlik

beid wees waaraan die gewone arbeidskragte nie bestee kan word nie. Die arbeidsdiens moet m.a.w. ten aansien van die gewone arbeidsverrigting van aanvullende aard wees.

BODEMDIENS

Die arbeid aan die bodem van van die land (landsdiens of bodemiens) is vir die arbeidsdiens van die seuns die beste geskik. In daardie verband moet eenvoudige maar swaar werk gedoen word. Ook moet by uitstek groepsarbeid verrig word. Daardie soort arbeid is in uitnemende mate diens aan die volksgemeenskap, — gesien die onskatbare waarde van die bodemversorging en -verbetering vir die lewensbestaan van die volk as geheel. Die volk vind sy lewenskoste en primêr deur die bewerking van die grond, — die voedsel van die volk kom uit die bodem (om maar net 'n voor die hand liggende voorbeeld te noem). Deur mee te werk aan die verbetering van die grond, dra die arbeidsdiens daartoe by om die bestaansmoontlikhede van die volk te vergroot. Aldus kan die arbeidsdiens o.a. in die diens gestel word van die strewe om die volk selfgenoegsaam (onafhanklik) in sy voedselvoorsiening te maak.

RUIM GELEENTHEID

In Suid-Afrika bestaan inderdaad ruime werkmootlikhede vir die arbeidsdiens, b.v. die verbetering van die bodem, die bestryding van grondverspoeling, (Vervolg op bladsy 8, kolom 2)

NOODHULP VIR DUITSLAND DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:

- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, Hoopstraat 105B,
PRETORIA. KAAPSTAD.

- VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●

DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

**WAARDE
KWALITEIT
VERSCHEIDENHEID**

UNIEWINKELS

Beperk

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

W. A. VENTER en KIE.

Algemene en Houthandelaars

POSBUS 49 -- NEWVILLE -- JOHANNESBURG

Kwotasies word hiermee gevra vir die lewering van Vuurmaakhout. Kwotasies moet uitgemaak word per tien ton Spoorwegtrok.

Kwotasies word ook gevra vir die lewering van Kraal- en Stalmis. Kwotasies moet uitgemaak word per kwart, halwe of hele tienton Spoorwegtrok.

Spoorvrag sal deur ons betaal word.

Ons onderneem om binne 'n Radius van 200 myl van Johannesburg Krale self skoon te maak i.v.m. mis. Hier word dan kwotasies gevra per kraal.

Ons koop ook bene. Ons betaal 7/- per 100 lb. Maak u plaas skoon en stuur die bene na ons. Die bene moet aangestuur word aan W. A. Venter en Kie., Newclare Stasie, Tvl. — en 'n getekende kopie van die vragbrief aan W. A. Venter en Kie., Posbus 49, Newville, Johannesburg. Die bene kan K.B.A. aangestuur word per goederetrein. Leë sakke waarin die bene aangestuur sal word, sal kosteloos teruggestuur word.

Afrikaners ondersteun 'n suiwere Afrikaanse Besigheid. Skryf onmiddellik i.v.m. die kwotasies aan Die Bestuurder, W. A. Venter en Kie., Posbus 49, Newville, Johannesburg. Ons dank u by voorbaat!

Een Verdedigingsmag Vir Britse Ryk In Afrika

Die Suid-Afrikaanse, Rhodesiese en Oos-Afrikaanse verdedigingsmagte word moontlik onder een bevel geplaas in die nuwe verdedigingsplan van die Britse Ryk wat tans besig is om te ontplooi. Hiervolgens sal alle Britse gebiede in Afrika, insluitende Suid-Afrika, in tyd van nood saam optree om Britse belange in die Suide te beskerm.

Daar is reeds aanduidings dat die Oos-Afrikaanse magte wat tans onder bevel van die Midde-Ooste staan, by die Suide ingeskakel sal word.

Militêre is van mening dat

GANDHI SE AS IN RIVIER

Dis as van Gandhi is die afgelepe week by die samevloeiing van die Ganges- en Jumanrivier in die water gegooi. Dertigduisend roudraers was by die stasie in Delhi aanwesig toe die as op die trein gelaai is, en baie duisende het ook op die oevers van die rivier saamgedrom. 'n Groot geweeke laag het van die omstanders opgegaan.

hoewel daar 'n konstitusionele verskil tussen die verskillende gebiede bestaan, hierdie vraagstuk in tyd van oorlog maklik uitgeskakel kan word. 'n Voorbeeld hiervan is toe die Rhodesiese magte die afgelope oorlog onder bevel van veldm. Smuts geplaas was.

Daar vind nou militêre sameprekings plaas tussen die bevelvoerder van die Oos-Afrikaanse magte, majoor-generaal W. A. Demoline, en die hoof van die Unie-Generale Staf, sir Pierre van Ryneveld. Eersgenoemde is tans in die Unie.

Inmiddels is die Unie-regering besig om Britte in Engeland te werf vir die Unie-verdedigingsmag, terwyl die Britse regering weer natuurlike werf vir sy imperiale leër.

Wyle ds. P. G. W. Snyman — 'n Waardering

Op Sondagmôre, 8 Februarie is vanuit die Gereformeerde Pastorie te Salisbury die treurige berig versend: „Ds. Snyman is nie meer nie.“ Hierdie berig het rou gebring aan duisende harte, in al die uithoeke van die land, aan wie hierdie gewilde figuur bekend was.

Skrywer hiervan het die voorreg gehad om hierdie groot gees vir jare intiem te ken. Twee weke voor sy heengaan is hy terug na Rhodesië, na 'n vlugtige besoek aan die Unie — sy jongste brief meld van sy veilige aankoms in Rhodesië — van twee verskillende beroepe na ander gemeentes — van geweldige werk wat nog daar op hom wag waar hy „nog maar net aanvoerwerk gedoen het“... en nou is hy reeds nie meer nie — plotseling heengegaan op die jeugdige ouderdom van 45 jaar — in die krag van sy lewe — in die middel van sy arbeid.

Met sy skielike afsterwe het ons armer geword aan nog 'n groot seun van die Boerevolk. Sy hele lewe was toegewyde om (Vervolg in kolom 5)

OFFISIËRE GEBIED F.



Waggeneraal prof. W. P. de Villiers



Gebiedsgeneraal H. M. van der Westhuysen

Generaalskap Treur

Genl. I. M. Prinsloo, Oogies, skryf:

Op 6 Januarie

is een van ons beste O.B.'s in Generaalskap E6 en 'n troue vriend oorlede. Vir ons Generaalskap was dit skokkend. Hy was nog so jonk en sterk, slegs 38 jaar. As groot Afrikaner-eesboer was hy seker een van die mees welgestelde inwoners van ons distrik.

Met sy dood het die O.B. en ons volk iemand verloor wat een is van 'n deel wat gewoonlik die minderheid maar steeds die kern van sy volk uitmaak.

Met die hoogste agting en ook tere herinnering dink ons aan „Oubaas“ Opperman wat tensypte van die moeilikste omstandighede steeds trou gestaan het by sy volkseid en Organisasie. Ongeag sy posisie wou hy in die herte van die stryd wees, daardeur het hy dan ook vroeg in die tronk beland. Na maandelange opsluiting het hy daar sterker uitgekom. Vir goed het hy gebreek en met veragting sy oudste vriend behandel wat gaan getuieis aflê het in die hoogverraadsaak teen hulle eertydse hoofde van die S.J.

Ons dink aan hom met die hoogste agting omdat die grootste eienskap wat 'n man nodig het in tye van stryd en oorlog by hom in oormaas was. Hy was onvoorwaardelik trou, iemand op wie sy volk kon staatmaak. Oor hom treur ons diep.

In die tyd toe menige vlugteling geherberg moes word het hy sy regmatige deel gedoen.

Ons wil ons grootste medelye uitspreek met sy vroultjie wat altyd by hom gestaan het, sy vader van wie hy die enigste seun was en sy twee susters.

Verseker u Toekoms

deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM

- ★ BOUPERSELE
- ★ WOONHUISE
- ★ PLASE
- ★ BESIGHEDE VIR DIE

KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON

Posbus 78 Foon 0028

**CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
STRAND**

u sienswyse so kragtig en heelpuiter u teengesit het, en my hoop is dat die saad op vrugbare grond mag val. U het u hand aan die ploeg geslaan. Moenie los nie, want die braak is oorryp vir die ploeg! Dink ook aan die Engelse burgers, en laat die reeks vertaal.

Tyd Vir Ernstige Aandag

Mev. H. Louw, Kaapstad, skryf:

Na die verskyning van u eerste artikel in die reeks „Die Naturel en Ons“, was ek bly dat 'n paar lesers u bedank het daarvoor — vir myself het ek gedink: „Ek gaan eers die hele koek, stukkie vir stukkie, opeet voor ek gaan danksie sê.“ Die verskyning van u vierde hoofstuk dwing my egter om 'n paar woorde te sê — ek kan nie anders nie want die prentjie wat u skilder het ek al so dikwels in my verbeelding gesien, net ek besit nie die gawe om dit so te skilder soos u nie!

Baie dankie vir die bespreking van hierdie belangrike saak, dis hoog tyd dat ons ernstige aandag daaraan skenk.

Waar ek u bedank wil ek graag my spyt betuig oor die opinies wat mnr. Johann Landman lug in u korrespondensiekolom. Ek dink die mense wat praat van „die Swart Gevaar“ in ons land doen meer kwaad as wat hulle ooit kan bereken. Hulle dra daartoe by dat die Naturel die blanke beskou as sy vyand.

Vertroue Kan Gewen Word

„Johannes“, Pretoria, skryf:

Ek bewonder en beny altyd die moed en durf wat party mense het om hul opinies opreg en openlik aan die wêreld te openbaar. Dis vir my snaaks, dat daar altyd sekere voorwerpe en onderwerpe is wat jy nie openlik oor mag skrywe of praat nie, of jy stel jou bloot aan vooroordeel en al wat gruwelik is.

Ek dink hier veral nou aan twee dinge waarmee jy baie versigtig met jou gevoelens of opinies moet wees.

Jy sal met vrymoedigheid kan sê dis 'n mooi plaas, huis, perd of hondjie, maar probeer dit nou sê van 'n vroumens. Net so gaan die met die volkere van die aarde; daar is sekere volke wat jy nie mag 'n goeie woord voor hê nie, of jy beland in die pekel. Maar nou kom ek eintlik

by die ding wat ek wil hê ons moet ons hand in eie boesem steek.

Ek het lanklaas met soveel genot en voldoening stukke oor ons nie-blankes gelees as die van die hand van mnr. N. G. S. van der Walt in Die O.B. Dit kos moed om te sê wat hy geskrywe het, maar dis waarheid en doen goed. Ons is verantwoordelik vir baie moeilikhede en misverstand, ons loop kop in die lug en spog met ons Christelike, en die tweede grootste gebod ken ons nie, nl. het jou naaste lief soos jouself, en dit weer as gevolg van die feit dat ons die grootste nie ken nie — om God lief te hê bo alles.

As ons nie opreg en eerlik teenoor die nie-blankes is nie, sal ons nimmer as te nooit hul vertrouwen wêre.

Ons Boere as 'n verdrukke en veronregte volk, wat maar oor en oor afgesnou en afgeknou word, behoort maklik die vertroue en liefde van die nie-blankes te wen, ons meegevoel, billikheid en eerlikheid teenoor hulle wat spontaan van ons moet uitgaan moet en sal van hulle goeie kinders maak. Maar een ding moet onthou word: hulle is self groot mense met wil en begeertes, en jy sal hul alleen lei wanneer hulle absoluut verseker is van jou opregtheid en eerlikheid. Maar wat het ons gedoen, baie min, tot dat vreemde invloed met verkeerde neigings kom leiding gee het.

Wie al die voldoening gesmaak het om nie-blankes te vertrou te wen, deur meegevoel en opregtheid te sien hoe jy hulle kan lei, hoe hulle jou vertrou, en getrou sal wees, en jou respekter, besef die waarheid van hoe liefde liefde wek, meegevoel meegevoel, vertroue, vertroue.

Ek het in my lewe nog nie 'n skelm nie-blanke teëgekome nie. Ek weet hulle is skelm soos onder enige ander nasie, maar by my is hulle te skaam om my vertroue te skok.

Laat die natuurlike hul eie heil in hul eie plek uitwerk onder ons leiding en sorg. Nog 'n honderd jaar verder en hulle is mans genoeg om sonder ons hulp en raad klaar te kom.

Soos Ons Lesers Dit Sien

TE VEEL REGTE

Mev. H. Liebenberg, Magaliesberg:

Ek is verbaas dat die Regering so bang is vir die Indiërs, ja dat hulle nie die manmoedigheid het om die Indiërs dadelik te deporteer en te wys dat ons baas is in ons land nie. Nee, was dit 'n klompie van die Ossewabrandwag dan sou hulle baie gou gewees het om hulle in die tronk te stop, want hulle is mos gevaarlike mense.

Dan is daar nog iets wat my skok en dit is die idee van N. G. S. van der Walt in verband met die meid met die bondel wasgoed in dieselfde huis as die blanke. Ek glo nie hy het veel te doen met die natuur nie anders sal hy anders praat. Dit is net vandat hulle soveel regte het dat hulle so brutaal word. Waar het jy in president Kruger se tyd soiets beleef, dat die kaffer op die sypaadjie loop, en die witte in die straat? Nee, toe het hulle nog respek gehad as jy nog daar aankom is die hoed af. Toe kon jy nog met hulle iets uitvoer en het daar ook nie soveel onheil plaasgevind nie. Hy sê dat die natuur in die ou tyd as 'n rowende en morende barbaar beskou was, wat is hy vandag: 'n ontwikkelde wrede moordenaar, nog erger as wat hulle toe was. Het jy toe van soveel onsedelike aanrandings gehoor? Nee, maar dit is omdat hy op gelyke voet gestel word met die witmense.

Reeds Oorryp

Mnr. R. Stevenson, Durban, skryf:

Ek het die reeks: „Die Naturel en Ons“ met belangstelling in Die O.B. gelees, en wil graag my waardering aan u oorbring. 'n Profeet is nie sonder eer behalwe in sy eie land nie; en ek vrees u slae sal baie teer plekke onder die „nie-siendes“ vind! Hoe dit ookal sy, u behoort geluk gewens te word omdat u (Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van kolom 3) selfsugtige diens. Met woord en daad was hy altyd op Brandwag vir sy Kerk en sy Volk. Sy vurige redes het almal besiel wat dit gehoor het; sy onblusbare geesdrif was aansteeklik; sy byna fanatieke liefde vir sy onderdrukte volk het hom 'n onvermoede meedoënlose vegter gemaak.

Maar vir elkeen van sy gemeentelike was hy 'n geestelike leier asook 'n nederige vriend en elke lidmaat het hy by name geken. Kenmerkend was ook sy teerhartigheid — dikwels was hy diep ontroer tydens 'n lykrede van een van sy jongste lidmate. Sy huis, sy hand en sy hart was altyd oop vir almal van sy volk — ook eertydse voortvlugtiges sal hiervan kan getuig.


Bo in die verre noorde was hy ons troue Brandwag op die voorpunt — en daar rus sy stoflike oorskot vandag as 'n hoekbaken op die grens van die Boere-beskawing. Sy nagedagtenis, sy werke, sy inspirasie sal lewe!

J. H. RAS.

Pietersburg.

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap
sê nee!



Die Bron van Siekte

**BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae!
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!**

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

GEKCLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKCLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huisoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinee, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuus (K.T.K.). Uit Wandelgang. Grootte Kerkgebou. Lug heerlijk verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, blikke en doeltreffende diens.

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES. Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

UISAAD.—Vars en Goewermens-gesertifiseerd. Australiese Bruin 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb., Silver King 8/- per lb. — KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 18/2/7

VRUGTEBOME.—Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons pulk voorrade verseker tevredenheid, maar...die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 680, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

GEMENG

GRAFSTEENMAKERS.—Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EENS.) BPK. van Voortrekkerweg 360, Matland. (Onder persoonlike aandaag van ons Best-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telephone—5-4420 en 5-02823.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste diens by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI.—Waterspoel-rioolstelsels, vloertels en gepolitoerde terras- en kombuissopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: —VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK., Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billik pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapete ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld' waarin u belangstel. —VISSEUR-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

MEUBELS.—Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, K.M.B., te koop. Raadpleeg: NIEK NEETHLING, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

PENMAATS

DUISENDE meisies en korels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde kovert om gratis besonderhede aan:—DIE POSDUIF-KORRESPONDENSIE-klub, Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasleweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET.—Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout f2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout f2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

VRIENDE ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout in 54/- graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT.—Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissima-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—HENNIE MENTZ, Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

LUSERN.—Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafer vir besonderhede en prysopgawe — N. WIENAND, P.K. East Port, K.P. 3/12/7

LUSERN te KOOP.—Nuwe selsoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. — J. H. STIEMIE, Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

MAKOE.—Groot uitgroei, f1/5/- per paar, woord en 'n wyfie, of twee wyfies vir f12/6. K.B.A. Hokke terug. Skryf: „DUKONTHO,” LYNEDOCH. 11/2/2

Kliniek Om Kanker Na Te Vors

Die bou van 'n kanker-navorsingskliniek te Mowbray waar prof. J. van Rooijen pasiënte sal behandel, sal een van die dae begin. Die kliniek word deur 'n privaat sindikaat opgerig en sal prof. Van Rooijen wat reeds op spraakwekkende sukses behaal het met die genesing van kanker, in staat stel om daarmee aan te gaan. Die inrigting sal ten nouste saamwerk met die Kaapse Universiteit en die Kaapse Hospitaalraad. Dit sal die enigste inrigting vir die behandeling van kanker in Suid-Afrika wees.

Daar sal plek wees vir ongeveer 60 beddens. As alles goegaan, sal die eerste pasiënte nog voor die einde van die jaar ingeneem kan word.

Lewenskoste-Toelae Dalk Vermeerder

Hoewel dit nog nie by die regering 'n uitgemaakte saak is nie, bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat die lewenskostetoelae vanjaar deur middel van wetgewing verhoog sal word omdat dit vir die man met 'n gemiddelde inkomste onmoontlik geword het om ordentlik te leef as gevolg van die stygende lewenskoste.

Die amptelike opgawe van die regering toon dat die lewenskoste slegs met 43.1 persent sedert 1938 gestyg het. Dit is egter duidelik dat hierdie berekening nie die werklike toedrag van sake weerspieël nie omdat hulle van 'n verouderde basis uitgaan. Gesaghebbendes meen dat dit reeds met 69 persent in verhouding tot 1938 gestyg het. Hierdie berekening is gedoen op grond van 'n omvattende prysvergeliking van lewensmiddele.

Gee Rotte Suiker Om Mense Te Help

Ten einde die oorsaak van tandverrotting teen te werk, word 'n span rotte tans aan die Harvardse mediese skool op suiker gevoer.

Die tandheelkundiges meen dat 'n besondere soort suiker genoem „glyceric alhidrate” die oorsaak van tandverrotting sal teenwerk. Hierdie soort suiker word nou by die suikerdiëet van die rotte gevoeg omdat gemeen word dat dit die suur wat deur gewone suiker in die mond veroorsaak word, sal teenwerk.

Indien die proefnemings slaag, sal hierdie soort suiker in alle lekkers gegooi en vooraf met alle ander suiker gemeng kan word. Elke teelepelsuiker sal dan sy eie teenmiddel teen tandverrotting hê.

SPEELSKIEKE EN SWINGELS.—Speelskeke gemaak van die beste natuurhout, goed ge-oile teen barste. Bottelvormig en dwars teen 4/- per paar. Ander tipes teen 5/- per paar. Swagels kompleet. Donkie teen 5/6; Nul teen 6/6 per stel gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 11/2/TK

BOEREJEUG

WIE'T VANJAAR AL TWEE UITSTAPPIES GEHOU?

„Daar is seker nie nog 'n veldkornetskapskap wat WELLINGTON se rekord van twee Boerejeug-uitstappies binne die eerste twee weke nadat die skole heropen het, ewenaar nie! Maar as julle weet hoe lekker dit was, sal julle spyt wees dat julle nie ook die twee lieflike Saterdagde liever buite onder die bome deurgebring het as binnenshuis nie.

„Skaars was ons kinders gewoond aan die nuwe klaskamers en onderwysers, of die bevel het die rondte gedoen dat daar Saterdag in die bos langs die rivier 'n Boerejeug-uitstappie is — almal moet toe broodjies vir middag- en aandete, 'n beker-tjie, en soveel maats as moontlik saambring.

„En het ons nie lekker gespeel nie! Derdemannetjie, Boompie-verplant, Vroteier, Wegkruiper-

Reen Wat Lekker Ruik Wou Nie Val

'n Reukwatermaatskappy het in Bridgeport, Connecticut, V.S.A., probeer om die dorp se reuk te verbeter deur lekker-ruik sneeu of reënbuie te laat neerstort.

Die maatskappy het 'n vliegtuig oor die dorp gestuur wat lekkerruik-kristalle in die wolke moes neerlaat. Die reën of sneeu wat daardeur gelewer sou word, moes dan soos reukwater ruik.

Die poging het egter misluk. Daar het niks gebeur nie.

Die Naturel en Ons

(Vervolg van bl. 4, kol. 5)

hom 'n menswaardige bestaan te gun op sy eie terrein.

Dit is die pad van gesonde verstand maar dit is ook die enigste pad vir die Christelike gewete. En daar is 'n baie eenvoudige toets vir die gewete wat sluimerend is: plaas jouself in die posisie van die ander man en dink na hoe jy sou reageer in dieselfde omstandighede. Dit is wat ek probeer doen het, en tot nadenke vir diegene wat meen dat die naturel sonder ambisie is of ten spyte van ambisies ondergehou moet word, wil ek 'n kort beskrywing gee van die volharding van 'n jong naturel wat omhoog gebeur het na groter kennis en bekwaamheid. Laat hulle hul opvattinge in die lig hiervan toets en hulself afvra. Het ons die mag en het ons die reg om die naturel hierdie strewe te ontsê?

'N VERHAAL

'n Voormalige huisbediende en 'n seun van 'n Soeloe-plaaswerker, Alpheus Nalovo, sal die end van hierdie jaar die graad LL.B. aan die Kaapstadse universiteit behaal en daarmee die eerste natuurlike-advokaat in die land wees. Hy is 29 jaar oud. 'n Kwart eeu gelede was hy een van 'n Soeloe-gesin van ses. Vir 'n paar jaar het sy vader hom na 'n skooltjie gestuur, maar op negejarige leeftyd het hy hom uitgehaal sodat hy saam met sy broers en susters op die plaas kon werk. Hy wou egter baie graag terug skool-toe en het aangehou totdat hy drie jaar later weer terug was. Op Veertienjarige leeftyd lê hy standaard

tjie, Koffiepot! So tussenin kon ons 'n bietjie rus terwyl ons geluister het na 'n praatjie oor die wonderlike sterrehemel — as ek dink aan hoe vër Alpha Centauri van die aarde af is, of aan die grootte van Betelgeus dan draai my kop!

„Die druiwe kon ons nie opgeet kry nie, al het ons baie hard probeer. Na middagete het hoofkommandante Roos ons iets vertel omtrent die betekenis van ons vlag en ons O.B.-wapen, en daarna het ons te lekker sporgesny.

VLAPARADES

„Maar verlede Saterdag (die 7de) het ons weer meer praktiese dissipline gehad. Die vragmotor het ons na oom Koos Retief se plaas geneem waar ons met vlagparade, gebed, en 'n woordjie van aansporing deur ons offisiere, veldkornette Strassberger, die dag begin het.

„Ek is so bly dat ek ook kans gekry het om die vlaghysing self te oefen. Nou sien ek dis glad nie so moeilik as wat dit altyd vir my gelyk het nie. Maar 'n mens voel darem lekker as jy self die vlag kan laat opgaan onder die sing van die Stem!

GROND-ERROSIE

„In die namidadg het oom Koos ons gaan wys watter groot skade die rivier aan sy winderd gedoen het — 'n groot stuk van sy beste winderdgrond, met omtrent 'n duisend stokke daarop, het skoon weggespoel! Ons het ook probeer om water te wys, maar die mikstokkie maak tog niks aan my nie.

„Ná middagkoffie is die vlag gestryk en kon almal huiswaarts keer. Maar ons is nou somer aan die brand vir vanjaar! Volgende keer gaan Sarie weer 'n musiekmiddag reël en dan kom ons almal by haar huis bymeekaar.

WAT MAAK ANDERE?

„Maar ons op Wellington hoor so min van ander veldkornetskappe. Sal hulle nie ook verslaggies instuur vir „Die Boerejeug” sodat ons kan weet hoe dit met hulle gaan nie?”

(Ons is bly jy roer die punt aan. Die redaksie plaas graag nuus omtrent die werksaamhede van afdelings as hulle net van hulle wil laat hoor! — Red.)

VERLOOF NOG VOOR EGSKEIDING

Dat mens al jou verloving met 'n ander meisie kan aankondig en vier terwyl jy nog met 'n ander vrou getroud is, en nog nie eers geskei is nie, is iets wat die gedagtegang in Suid-Afrika sal skok. Dit gebeur egter in Amerika.

Amerikaanse koerante het met groot opskrifte aangekondig dat Henry J. Topping met die aktrise Lana Turner sal trou sodra hy egskeiding van sy vrou, Arline Judge, ook 'n aktrise, gekry het.

Die verloving is reeds gevier en 150 gaste, wat per telegram uitgenooi is, het die verloving in die deftige Mocambo-klub in Hollywood bygewoon.

Hierdie staaltjie het blykbaar selfs die Amerikaners so 'n bietjie geskok.

Topping is 33 jaar oud en was reeds drie keer getroud. Die vrou met wie hy nou wil skel, was reeds vyf keer getroud, terwyl Lana Turner (sy huidige verloofde) reeds twee keer getroud was, met haar laaste man geskei het, weer met hom getrou het, en hom weer daarna geskei het. Daar word gesê dat Turner ook al vyf keer „verloof” was aan ander mans.

Offisiere, Aandag!

'N NUTTIGE WENK VIR 1948

Probeer u vanjaar veral toelê op meer klein funksies i.p.v. miskien een of twee groot sentrale fonds-insamelings. Maar onthou ook dat die doel nie juis altyd die insameling van fondse moet wees nie: Laat verskillende kinders bv. sang-of volkspeelende tuis reël in verskillende wyke. So bereik u baie meer mense en kry almal die kans om so 'n funksie op hom/haar te neem.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 18 FEBRUARIE 1948.

DIE GEES VAN AMAJUBA

27 Februarie 1881! AMAJUBA! Glorieryke oorwinning vir die Boer, vir die Afrikaner van Suid-Afrika. Hoe lank het die stryd nie al geduur nie? Ja, ons kan sê op die 8ste April 1881 het die stryd begin en altyd was die doelwit: VRYHEID!

Waar is 'n volk wat nie wil vry wees nie? Waar 'n nasie wat in knegskap wil lewe? Waar 'n enkeling wat sy medemens as slaaf wil dien? Hierdie onafhanklikheidsin is veral sterk ontwikkel by die Afrikaner.

HOLLANDSE TYDPERK

So is die stryd alreeds in die tyd van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie (Jan Kompanjie) begin, toe die burgers moes stry vir hul regte teen die afpersing van oneerlike Kompanjie-amptenare. Intussen wink die deinsigerige blou berge en gee baie gehoor aan die roepstem om al verder en verder die binneland in te trek.

Later, as gevolg van omwentelinge in Europa, moes Engeland vir 'n tyd die Kaap in bewaring neem vir Holland. Sy raak egter so geheg aan hierdie stiefkind, Suid-Afrika, dat haar skepe pas na die teruggawe weer op die horison verskyn, en vir die tweede keer gaan Suid-Afrika oor in die hande van Engeland.

ALBION

Maar van toe af het die poppe begin dans! Suid-Afrika was mos nou nie van plan om hand om die nek te sit met hierdie stiefma van oor die see nie!

Die veeboere in die binneland het nog steeds verder weggetrek van die Kaap, en geen regeringsbevel om terug te keer tot duskant die amptelike grense van die Kolonie kon hul in hul trek stuit nie.

Vir die Bolandse vrugteboere was hierdie moontlikheid egter gesluit, en was hulle verplig om met hand en tand te veg vir hul regte. In hierdie stryd om ons taal en kultuur het die Afrikaner dan ook uiteindelik as oorwinnaar uitgetree!

Toestande op die grens het egter so onmoontlik en lewensgevaarlik geword as gevolg van die partydige natuurlike beleid, dat die grensboere dit nie langer kon duld nie, en besluit het om in die onbekende binneland 'n eie onafhanklike staat te gaan stig. So vind die Groot Trek van 1836 dan plaas.

AMAJUBA!

En nou? Glo dit of nie, maar Stiefmoeder van oor die see is agterna! Keer op keer het haar pogings om die nuwe Republieke, die Oranje Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) in te palm, misluk, totdat op 'n goeie dag sir Theophilus Shepstone (die ou Duiwel se slypsteen!) doodkalm die Union Jack in Transvaal kom hys! En hoe die Boere ook al spook, dit het niks gehelp nie.

Om hul vryheid te behou, moes die Boere dus die wapen opneem in die Eerste Vryheidsoorlog. Op 8 Desember 1880 het hulle by Paardekraal besluit dat die ou regering van die Republiek weer herstel moes word, en so behaal hulle dan ook oorwinnings by Laingsnek en die Ingogo-rivier. Die finale slag is egter op Amajubaberg op 27 Februarie 1881 gelewer onder aanvoering van generaal Piet Joubert.

En nou behoort Amajubaberg aan die Boerejeug! So moet heel Suid-Afrika eendag weer behoort aan ons volk, vry van die dwingelandy van die Stiefma!

Boerejeug, is jy 'n getroue, ware, opregte Boerejeuglid? Weet dan dat jy help in die stryd wat begin is toe ons Oupa's en Ouma's nog nie eens geleef het nie — 'n stryd wat in oorwinning MOET eindig. Amajuba toon die weg!!

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIEMS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Postbus 7185) Newton

Caledonse Jeug Trakteer O.B's

Aan die huis van veldkornet Human te Middelpaas het die Boerejeug 'n gesellige agtermiddag verskaf aan die ouers en groot O.B's op Saterdag, 24 Januarie.

Verversings is verkoop, en terwyl die Tannies gesellig kon verkeer, het die Omies jukskei gespeel.

Dié aand om sesuur is 'n heerlike koue ete bedien en die Omies, wat taamlik moeg was van speel, het net gretig weggele.

Daarna is 'n bietjie volkspeletjies gespeel en die Kommandoraad van Caledon het toe sommer terselfdertyd 'n vergadering gehou waarop besluite en reëlins getref is vir die feesviering van Amajubadag, wat gehou sal word te Middelpaas by hoofkommandant Viljoen.

Die mooi bedraggie van £7/15/- is ingesamel na onkoste afgetrek is. Die Boerejeug bedank mnr. en mev. Human vir hulle gasvryheid en hulp.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

BOEREDOGTERS !!

NOG 'N WENK

Solank dit nog somer is, kan ons op 'n baie maklike manier ons kas styf deur 'n aandete te gee. Besluit waar en wanneer julle dit wil hou en begin dan dadelik kaartjies verkoop — 2/9 enkel en 5/- dubbel is 'n billike prys. Teen die tyd dat julle kombuis se kant-toe moet staan, weet julle dan vir hoeveel om klaar te maak.

En die spyskaart? 'n Lekker bord sop om die aptyt te prikkel, en dan die hoofgereg bestaande uit koue vleis en slaai. Feitlik al die voorbereidingswerk hiervoor kan vooraf gedoen word, en dit sal 'n halsoor-kop jaery die aand van die dinee uitkakel: Een kook die vorige dag al die soutvleis en/of boud sag; die ander braai die hoender (indien beskikbaar); ander kook aartappels, beet en uie; en natuurlik moet daar ook 'n heerlike slaaisous wees!

Dié wat nou nog nie werk het nie, sny die slaai: gerasperde wortels, tamatieskyfies, komkommers, piesangs, aartappelslaai, beetslaai, ens. Rangskik die slaai en vleis keurig op die borde. 'n Koue nagereg of vrugte en dan koffie sal die ete goed afrond.

Ervarings uit die Stryd:

DIE ONTSNAPPING

Ons het van die begin besluit dat ons „soet” gaan wees en nie weerspanning teen die tronkreëls nie. 'n Mens kan mos nooit weet hoe handig dit te pas mag kom

Deur Krisjan

nie! En dit hét ook.

Niemand het iets vermoed nie, maar al die tyd het Willie en sy maats noukeurig alles dopgehou en hulle planne haarfyn uitgewerk. Met 'n baie oulike



Willie van Rensburg: Een van die ontsnappinge

set het hulle daarin geslaag om almal saam in die een groot sel, waarvan die vensters na buite in die werf, uitgaan, te kom. Maar nou moes die tralies nog af, en hoe?

YSTER-SAGIES

Ek het altyd twee 10-duimlange ystersagies by my gehad. Waar en hoe ek dit gebêre het, bly maar een van die onopgeloste geheime vir die speurders. Ek het van die planne gehoor, en trek toe die Sondagmiddag, net toe ons haas vir oefening moes uitgaan, my jas aan. Die twee sagies steek ek in die binnesak. Ek is eerste oopgesluit, en neem die kans waar. Ek stap na die groot sel waarin my

ander maats is, lig die loerplaatjie voor die loergaatjie op, en skree vir Boeta, wat haastig na die deur kom. Ek het net kans gehad om te fluister: „Trek jou jas aan,” toe die bewaarder alweer op my skree dat ek daar moet weg. Hy roep my en vra of ek dan nie weet dat ek nie met die ander mag praat nie, maar ek ontken alles en verduidelik: „Ek het maar net ingeloer om te sien wat hulle alies doen.” In alle geval het daar niks van gekom nie.

ONTSNAP!

Toe Boeta 'n rukkie later uit die sel kom, het hy dan ook die jas aan. Ek gaan staan toe ewe gedwee by die hoek van die muur in die werf, maar wys vir Boeta om so ná aan my te kom as moontlik. Dit geluk ons ook eenkeer dat die bewaarder, wat ons gedurig dophou, wegkyk, en ek gee die sagies vir Boeta. Hy glip dit in sy sak sonder dat iemand wat daar was dit sien.

Dit het groot moeite en versigtige werk gekos om die ystertralies ongemerk af te saag: die een moes op die ander se rug staan en saag, en dan kon die wag boonop nog enige oomblik deur die loergaatjie inkyk.

Alles het egter goed gegaan, en toe ek in die kamp was, lees ek van die waaghalsige ontsnapping van 'n groep in die Bloemfonteinse tronk! Bravo! (Word vervolg)

AMAJUBA

Veldkornette E. Strassberger

Vryheidsgees bruis deur ons are, bittere jare

van vervolging is verby.

Laks en loom word enkel harte

wat vergeet geboortesmarie

van 'n volk in barensnood

aan die poorte van die dood;

wat vergeet hoe stoere helde

teen die dood geworstel het,

toe die Brit met magsgewelde

ons ons volkskap wou belet.

Amajuba! rig die hande

wat verslap het ylings op.

Amajuba! bind die bande

wat gesmee is stewig vas.

Vryheidsvlam van Amajuba,

Vryheidsvlam deur heel ons

land.

Vryheidsvlam gloei in ons harte

en geen smarte

kon die vryheidsvlamme blus.

Dank God vir getroue harte,

nie teruggedeins vir smarte,

Vaderland getrou gedien

God en Volk met daad bemin.

Kamerade — O.B.-leiers,

Kamerade in gevangnis,

Kamerade in daaglikse pligte,

Kamerade in nagtelik vlugte,

In ons harte gloei een fakkelt,

deur ons are bruis een gees.

Amajuba! smee die bande,

Rig dan op die slappe hande,

vir ons God en vir ons Volk,

vir ons Land, Suid-Afrika!

KERSKAARTE NIE ONTVANG

Gedurende Desember het Boerejeughoofkwartier twee bestellings vir kerskaarte ontvang, wat weens onvoldoende adresse nie uitgevoer kon word nie. Die bestellings was as volg gemerk:

1. Royalweg, Maitland (geen naam).

2. R. Groenewald (geen adres). Posorder uitgereik te Bethlehem.

Die persone wat hierdie twee bestellings geplaas het word versoek om, indien hulle hul geld terug wil ontvang, voor 15 Maart met Boerejeughoofkwartier, Bus 1059, Pretoria, te skakel. Noem asseblief die aantal kaarte wat bestel is.

In Italië Vandag:

TITO STUUR WAPENS AAN ITALIAANSE KOMMUNISTE

Buitelandse waarnemers voel verontrus oor die voorbereidings wat die Italiaanse Kommunistiese Party besig is om te tref. Daar is alle aanduidings dat hulle hul slag gereed maak om met wapengeweld te slaan sodra die tyd daarvoor aanbreek. Met hierdie doel voor oë word die Kommunistiese party tans in leër-eenhede omgeskep en ontvang hulle militêre opleiding onder die leiding van Russiese offisiere.

Die Italiaanse Kommunistiese Party is in twee groepe verdeel: die een word georganiseer as 'n politieke korps terwyl die ander 'n militêre eenheid vorm. Laasgenoemde ontvang sy op-

Aan die hoof van die politieke groep staan Togliatti wat meer in die openbaar optree as sy ondergrondse bondgenoot. Saam vorm hulle egter die uitvoerende raad.

RUSSIESE MAARSKALK

Volgens beskikbare inligting word gemeen dat die Sowjet-veldmaarskalk Kirov tans in Italië is. Hy is vanaf Rusland gestuur met 'n spesiale militêre sending. Hy het onder die naam van Martin Covacia gereis.

Waarnemers het gemerk dat verskeie van die Kommunistiese sel-leiers onlangs verdwyn het. Vermoed word dat hulle besig is om lede in ander provinsies af rig.

Ook die politieke afdeling van die Kommuniste sit nie stil nie. As teenvoeter vir die Marshall-plan is 'n „front” gestig waarvan die Kommuniste en die linksgesinde Sosialiste deelneem.

MOET KIES

Vir meer as 'n jaar het die Sosialiste die Kommuniste slaafs agterna gepraat, maar hulle sal nou moet kies of hulle soos Italianers wil dink of dink soos die Kominform hulle voorskryf. Aan die een kant is die hulp wat Amerika bereid is om aan te bied, baie verleidelik; aan


die ander kant staan die algemene verkiesing (wat in April plaasvind) voor die deur en deelname aan die front kan vir hulle aansienlike aantal setels besorg want hulle sal dan kan reken op Kommunistiese steun.

V.S.A. BESORGD

Of de Gasperi, huidige eerste minister van Italië, daarin sal slaag om die Kommuniste sonder hulp van buite op hul plek te hou, sal die volgende maande moet leer.

Amerika toon besorgheid oor die posisie in Italië en niteenstaande alle Amerikaanse vlootmagte reeds teen die middel van Desember die Italiaanse waters moes verlaat het, is hulle nog gestasioneer in Napels en Taranto. Dit is duidelik dat Amerika nie van voorneme is om sy vloot uit die Middellandse See terug te trek nie. So 'n stap sou noodlottig, nie net vir Italië nie, maar ook vir Griekeland wees, aangesien daar geen ander magte oorbly om die Kommuniste in toom te hou nie.

By Amajuba



Om Amajuba 'n ware vakansieoord te maak, het die Boerejeug 'n groot swembad aan die voet van die berg gebou waarin vakansiegangers heerlik in die somer kan baljaar. Op die voorgrond is uittrekhuises.

Polisie Tree Op Teen Indiërs

Nog 'n groep Indiër-wetsoortreders het Sondag die Transvaalse grens by Volksrust oorgesteek. Al vyf wat aan die oortreding deelgeneem het, is deur die polisie in hegtenis geneem.

Die polisie het ook Saterdag klopjagte in Durban sowel as in Johannesburg uitgevoer op die kantore van leiers van die lydelike versetbeweging. In Durban is die huis van dr. G. M. Naiker, voorsitter van die Natalse Indiër-Kongres deurgeseek. In Johannesburg is behalwe die kantore ook die huis en spreekkamer van dr. Y. Dadoo deurgeseek.

Die polisie het beslag gelê op dokumente.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

„ENGELAND MOET NIE SKULD BETAAL”

Ten einde Engeland in staat te stel om weer te herstel en by te dra tot die heropbou van Europa, stel die Amerikaanse komitee vir hulp aan Europa voor dat skuldeisers van Brittanje dele van die skuld afskryf terwyl lande wat deur Britse hulp gedurende die oorlog „bevry” is, die ander skuld moet dra.

Hierdie kwytstelling van skuldverpligtinge het veral betrekking op die bevrore sterlingbalanse in die sterlingblok.

Drie Beveel Om Musiekmeesters Te Word

Drie Russiese komponiste is voor die sentrale komitee van die Kommunistiese Party gedaag omdat hulle nie klassieke musiek soos die van Tsjaikofski en Rimski-Korsakof kan lewer nie. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle verrotte musiek komponeer en dat hulle afgewyk het van die gees van die party. Hulle is nie gestraf nie, maar aangesê om dadelik musiek voort te bring volgens die voorskrifte van die party, „wat nie moeilik behoort te wees nie,” het dit gelui.

S.A. Stem Toe

d.w.s. die sterlingbalanse wat deur die opsegging van vrye sterling-omsetting vir die betrokke lande onnutbaar geword het.

Die Internasionale Geldfonds, en selfs Amerika kan help om so 'n konferensie byeen te roep waarop hierdie kwytstelling bespreek kan word, verklaar die komitee. Na Reuter uit Londen in verband met hierdie voorstel berig het Statebondslende, waaronder Suid-Afrika, Nu-Seeland en Australië al vrywillig oorlogstydse sterlingbalanse afgeskryf.

Engeland probeer ook om Egipte, Indië en Argentinië oor te haal om dieselfde te doen.

Wou Met Neger Trou: Gevonniss

'n Britse meisie, Margaret Goosey, wat spesiaal na Amerika gegaan het om met 'n neger, aan wie sy verloof is, te trou, is in die staat Virginia in die tronk gestop vanweë haar wederregtelike verhouding met 'n neger.

Die saak is verlede week in die Britse laerhuis geopper, en daar is gevra dat die saak verder ondersoek moet word, omdat dit inmenging in die persoonlike vryheid sou wees.

Bevin, Britse minister van buitelandse sake, het egter verklaar dat die optrede teen Goosey heeltemal in ooreenstemming is met die wette van Virginia. Sy is vooraf deur die staat gewaarsku dat sy haar aan vervolging blootstel, maar het haar nie daaraan gesteur nie.

ARGENTINIË VAT BRITTANJE SE EILANDE

Magtelose woede was die enigste reaksie in die Britse Ryk toe Argentinië in samewerking met Chili die afgelope weke gebiede naby die Suidpool toegeëien het wat voorheen deur Brittanje beskou was as sy besittings. Argentinië het beslag gelê op die Falkland-eilande en Chili op die Shetland-eilande.

Engeland se protes teen hierdie optrede is eenvoudig beantwoord met vlootoperasies in die omgewing van die eilande. In Britse kringe is die Suid-Amerikaanse lande verwyt dat hulle nou van Brittanje se swaakheid gebruik maak om van hom gebied te vat wat hy vir byna twee eeue al as syne beskou. Engeland het as oplossing voorgestel dat die geskil voor 'n internasionale hof gelê word, maar daartoe weier Argentinië om in te willig.

Nood- Regulasies Bly Moontlik

Dit is sterk te betwyfel of die regering die noodregulasies wat betrekking het op staatsampnare wat hulle verbied om aan die Ossewabrandwag te behoort, sal laat verval. Al die noodregulasies sal op 30 Junie a.s. verval, maar gemeen word dat die meeste weer in werking gestel sal word by wyse van nuwe wetgewing.

Daar is geen verbod op staatsampnare wat hulle verbied om aan die Kommunistiese Party te behoort nie — wel bestaan so 'n verbod in Amerika.



De Gasperi

dragte van die Kominform. Hierdie leër tel ongeveer 100,000 man en is ten volle gewapen met Amerikaanse, Britse en Joegoslaviese outomatiese wapens. Hulle het genoeg amunisie om vyf dae lank aan harde gevegte deel te neem. Verdere voorrade word uit Joego-slavië aangebring. Hierdie amunisie sal egter nie vir al hul wapens geskik wees nie.

SPANJAARD

Die leër is georganiseer in selle van tien tot dertien man. Aan die hoof van elke afdeling is daar 'n Rus wat deur die Kominform gestuur is om leiding te neem. Die bevelvoerder van hierdie Kommunistiese ondergrondse leër is Pedro Cesshia wat gedurende die Spaanse Burgeroorlog aan die kant van die Kommuniste geveg het. Na die oorlog het hy uit Spanje gevlug en 'n hele aantal jare in Rusland deurgebring. Hy is 'n persoonlike vriend van Josef Stalin en word beskou as laasgenoemde se persoonlike verteenwoordiger in Italië, aldus die verslag van De Courcy in Review of World Affairs na aanleiding van 'n rapport wat in sy hande geval het.

Landsdiens

(Vervolg van bladsy 3, kolom 3) die uitroeiing van onkruid, die aanplanting van bosse, die aanlegging van vakansie-orde en feestereine, ens. Die arbeidsdiens kan aan Suid-Afrika 'n diens van onskatbare waarde lewer, d.w.s. uit ekonomiese en kulturele standpunt beskou.

Dit moet egter beklemtoon word dat die arbeidsdiens nie in die eerste plek 'n ekonomiese onderneming is nie maar wel 'n opvoedingsinstelling. Nie die arbeid wat verrig word, is die hoofdoelwit nie maar wel die opvoedingswaarde wat die bepaalde arbeidsbeleving vir die jeug het.

(Word vervolg)

MASJIE SLIMMER AS MILJOENE MENSE TESAME

Die wêreld se grootste elektroniese brein het 'n paar dae gelede aan die werk gespring om die presiese plek van die maan in die afgelope honderd jaar vas te stel. Dit sal ook die posisie van die maan in die volgende eeu bepaal.

Die saamgestelde meganisme bestaan uit 12,000 elektroniese buise en buise wat kan „onthou,” en is bekend as die I.B.M.-elektroniese berekenaar.

Dit het £187,000 gekos om die masjien saam te stel.

Die elektroniese brein word in 'n spesiale kamer waar die temperatuur gereguleer word gehou. Daar word gemeen dat dit die „brein” omtrent twee jaar lank sal neem om die presiese posisies van die maan in die 19e en 20e eeu te bepaal — 'n taak wat 'n paar miljoen rekenkundiges 'n hele leeftyd sou geneem het.